

Hoofstuk van die dag: Markus 4

Luister hier! ’n Saaier het eendag gaan saai. (vers 3)

Wie is die saaier waarvan Jesus vertel? Natuurlik Jesus, wat na die wêreld gekom het om die mense van God te vertel en van die koninkryk van God te leer. Maar ons is óók saaiers, deur

Jesus self geroep (Joh 20:21).
Die saad is die woord (vers 14). Natuurlik: Jesus is die lewende Woord. Hy het gekom om Homself te saai (vgl Joh 12:24).
In navolging van Christus moet ons Jesus met mense deel; Jesus tot by mense bring. Want by Jesus is daar hoop en lewe.
As ons nou na saaitegnieke kyk, sal die saaier van die gelykenis nie eintlik vir ons sin maak nie. Want driekwart van wat gesaai word, beland op onvrugbare grond. ’n Goeie saaier mors nie so met saad nie. Maar hierdie saaier strooi sy saad oral. Want dis hoe dit in die koninkryk van God gaan. God se Woord – Jesus! – moet oral bekend word, en dis nie vir ons om te besluit dié een is dit werd en daardie een is hopeloos nie. Ons werk is om te saai. Ons weet nie waar die vrugbare grond is nie. Dit kan ons rustig in God se hande laat. Ons moet maar net aanhou saai.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026